NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2023

# EKONOMIE

## NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur 300 punte

---

**Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiserings-vergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.**

**Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiseringsvergadering, daar verskillende vertolkings mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.**

---

## AFDELING A

## VRAAG 1

| | |
|---|---|
| 1.1 | C |
| 1.2 | D |
| 1.3 | B |
| 1.4 | C |
| 1.5 | A |
| 1.6 | A |
| 1.7 | D |
| 1.8 | B |
| 1.9 | D |
| 1.10 | A |
| 1.11 | B |
| 1.12 | A |
| 1.13 | B |
| 1.14 | D |
| 1.15 | A |
| 1.16 | B |
| 1.17 | C |
| 1.18 | A |
| 1.19 | A |
| 1.20 | D |

IEB Copyright © 2023

## AFDELING B

## VRAAG 2 MAKRO-EKONOMIE

2.1 2.1.1 'n **Sakesiklus** is 'n tydreeks wat aandui wat mettertyd met die waarde van die binnelandse uitset (BBP) van die ekonomie gebeur het. **OF** Die skommeling in groeikoers en in die ekonomiese bedrywigheid van 'n land.

2.1.2
- Uitvoere begin toeneem – mpy. het geld nodig
- Invoere begin afneem – kan nie koop nie
- Surplus op lopende rekening
- Wisselkoers stabiliseer/versterk vanweë verhoogde uitvoere
- As gevolg van lae vraag, daal inflasie (rentekoerse daal dus) – om te probeer om mense te help
- Laer vraag: verkope daal verder, saam met produksie-volumes
- Voorraadvlakke daal weer
- Produksievermoë onderbenut – baie afgedank
- Vaste belegging/bates daal – moes verkoop
- Maatskappywinste daal verder
- Meer likwidasies + bankrotskappe (meer pessimisme onder verbruikers)
- Eiendomspryse daal
- (Aanvaar enige korrekte toepaslike antwoorde) (Maks. 8)

Vrae moet volgens "afswaai"-faktore nagesien word.

2.1.3 **Ekspansionistiese monetêre beleid:**
- Verlaag rentekoerse
- Dit sal sorg dat verbruikers meer geld het om te spandeer en sal lenery verhoog
- Verhoogde lenery sal vraag verhoog
- Verhoogde vraag sal meer besteding in die ekonomie tot gevolg hê (Maks. 8)

**Ekspansionistiese fiskale beleid:**
- Verlaag belastings
- Verbruikers het meer besteebare inkomste
- Daarom sal besteding en vraag in die ekonomie toeneem
- Staatsbesteding kan ook verhoog word
- Lei tot meer werksgeleenthede, inkomste, vraag en besteding

(Maks. 8)

**ALTERNATIEWE ANTWOORDE:**
- Verhoog entrepreneurskap deur rompslomp te verminder en KMMO's aan te moedig; beter opleiding en opvoeding van werksmag, hoër uitvoere, verminder tariewe, 'n styging in geldvoorraad en 'n stabiele wisselkoers

IEB Copyright © 2023

2.2 2.2.1 (a) **Lopende rekening:** teken transaksies aan vir (uitvoere en invoere) handel in goedere en dienste, primêre inkomstevloei en lopende oordragte, insluitend inkomstebetalings en -ontvangste, diensbetalings en -ontvangste.

(b) **Primêre inkomstevloei:** is die betalings ten opsigte van rente en dividende tussen burgers en firmas in verskillende lande, insluitend winste en netto remisevloei van trekarbeiders

2.2.2 (a) **Finansiële Rekeningsaldo:**

| |
|---|
| Netto direkte belegging + Netto portefeuljebelegging + Netto ander belegging<br><br>36 + 94 +<br><br>114 miljard |

(b) **Onaangeteken**

| |
|---|
| 114 – (96) – (18) = 0 |

(c) **Handelsbalans:**

| |
|---|
| Handelsware-uitvoere + Gouduitvoere – Goedere-invoere<br><br>504 + 53 – (554)<br><br>3 miljard |

2.2.3 **Uitwerking van 'n surplus of 'n tekort op die lopende rekening:**

- Daar is meer geld wat uit die ekonomie beweeg as wat in die ekonomie kom (meer invoere as uitvoere).
- 'n Tekort sal veroorsaak dat die rand depresieer
- of dit sal veroorsaak dat die rand swakker teenoor belangrike geldeenhede groei.

**Antwoorde moet beide impak van "surplus" en "tekort" weerspieël**

IEB Copyright © 2023 

2.2.4 **Redes hoekom Suid-Afrika met die res van die wêreld handel dryf:**

**Vlakke van inkomste verskil van land tot land:**
Hoër inkomste lei tot 'n verandering in behoeftes, veral vir luukse goedere.

**Verbruikersvoorkeure en -smake verander:**
Mens word elke dag aan meer produkte blootgestel.

**Godsdienstige, kulturele en sosiale leefstyle verskil van land tot land:**
Dit beïnvloed vraag na sekere produkte.

**Ontwikkeling van verbindingsmiddele en vervoer:**
Lande en produkte is binne maklike bereik van mekaar.

**Verskillende vlakke van ekonomiese ontwikkeling:**
Arm lande sal 'n vraag na basiese voedsel hê en ryk lande na luukshede.

**Natuurlike hulpbronne en produkte verskil van land tot land:**
Lande voer in wat hulle nie het nie en voer uit wat hulle wel het.

**Toename in bevolking en hul inkomste:**
Vraag en behoeftes verander – lande kan nie in behoefte voorsien nie.

**Natuurlike hulpbronne is nie gelyk versprei nie:**
Bv. SA se minerale rykdom stel ons in staat om goedkoper te vervaardig om uit te voer.

**Klimaatstoestande in verskillende lande verskil:**
Sommige produkte kan goedkoper vervaardig word as in ander lande, bv. koffie in Brasilië.

**Arbeidshulpbronne:**
Gehalte, hoeveelheid en koste verskil tussen lande, bv. arbeidsaanbod in Maleisië is hoog en koste laag. Ander lande het hoë vlakke van sofistikasie van arbeid – meer produktief.

**Tegnologie & Spesialisasie:**
Sommige lande het toegang tot tegnologiese hulpbronne om teen lae koste te vervaardig. Japan spesialiseer in elektroniese toerusting, vervaardig in massa en verkoop teen laer pryse.

**Toegang tot kapitaal verskil:**
Sommige lande het meer kapitaal en kan beter en goedkoper produkte vervaardig.
(Aanvaar enige korrekte toepaslike antwoorde) (Enige 3 × 2 = 6)

IEB Copyright © 2023

## VRAAG 3 MIKRO-EKONOMIE

3.1 3.1.1 **Koalisiepolitiek** is 'n vorm van bestuur waar politieke partye saamwerk om 'n bestuur te vorm. Die rede vir so 'n reëling is gewoonlik dat geen enkele party 'n absolute meerderheid na die verkiesing bereik het nie.

3.1.2 Die spotprenttekenaar illustreer die gebrek aan dienslewering in Suid-Afrika en die koalisiepolitiek of owerhede moet dit volhou.

3.1.3 (a) **Gebrek aan toerekenbaarheid:**

- Beteken om rekenskap of verduideliking te gee van die stappe en besluite wat geneem is en betalings wat gemaak is.
- Toerekenbaarheid is nie gewoonlik 'n probleem in die privaatsektor nie, aangesien ondoeltreffende werk veroorsaak dat klante na 'n ander besigheid toe gaan.
- Dit is 'n probleem in die openbare sektor omdat die klante dikwels nie vir dienste betaal nie, daarom kry hulle nie doeltreffende dienslewering nie.
- Onlangs het mense wat in gebiede bly waar daar 'n gebrek aan dienslewering is, betogings gehou om hul gevoelens oor swak dienslewering baie duidelik aan die regering oor te dra.
- In vanjaar se munisipale verkiesings het partye koalisies gevorm omdat die regerende party nie 'n absolute meerderheid in sommige dele van die land bereik het nie, aangesien mense hulle toerekenbaar vir die gebrek aan dienslewering in die gebied hou.
- In Suid-Afrika word die volgende meganismes toegepas om die staat meer toerekenbaar aan die publiek te maak:
  - Ministeriële verantwoordelikhede – elke minister is verantwoordelik vir 'n portefeulje en het spesifieke verantwoordelikhede.
  - Parlementêre ondervraging – skriftelike vrae word deur lede van die parlement by die betrokke ministers ingedien.
  - Tesourierbeheer – moet die nasionale regering se finansies bestuur.
  - Ouditverslae – Die Ouditeurgeneraal van Suid-Afrika moet die rekenings van elke departement oudit en daaroor verslag doen.

(Aanvaar enige korrekte toepaslike antwoorde) (Maks. 4)

(b) **Ondoeltreffendheid:**

- Wanneer ekonome probeer bepaal hoe doeltreffend 'n markekonomie is, maak hulle gebruik van die konsep van Pareto-doeltreffendheid. Daar word gesê dat 'n ekonomie Pareto-doeltreffend is wanneer alle hulpbronne op so 'n wyse toegewys word dat dit moontlik is om enigiemand beter daaraan toe te maak sonder om iemand anders slegter daaraan toe te maak.
- Redes vir ondoeltreffendheid:
  - Burokrasie – Amptelike reëls en prosedures wat tydrowend is en produktiwiteit en doeltreffendheid in die organisasie belemmer.
  - Onbevoegdheid – Ondoeltreffendheid in organisasies kan die gevolg wees van swak bestuur, gebrek aan vaardigheid, onvoldoende ervaring of onvermoë om die vereiste taak uit te voer (bv. onbevoegdheid van staatsamptenare).
  - Korrupsie – Ondoeltreffendheid is soms die gevolg van swak besluite wat geneem is omdat diegene in beheer hul magsposisies vir persoonlike gewin misbruik.
  - (Aanvaar enige korrekte toepaslike antwoorde)


(Maks. 4)

3.2 3.2.1 (a) **Wet van vraag:** Wanneer die prys styg, daal die hoeveelheid wat gevra is en wanneer die prys daal, styg die hoeveelheid wat gevra is. (Inverse verhouding)

(b) **Wet van aanbod:** Wanneer die prys styg, neem die hoeveelheid wat verskaf word toe en wanneer die prys daal, neem die hoeveelheid wat verskaf word af. (Direkte verhouding)

3.2.2 Die afname van die aanbod van olie weens die Russiese inval van Oekraïne.
Die rol van OPUL in die Brent-ruoliemark.
Wêreldekonomieë maak oop.

3.2.3 **Daling in aanbod:**



3.2.4 **Verbruikers:**
Verbruikers sal meer vir brandstof moet betaal en sal minder besteebare inkomste beskikbaar hê.
Die armes sal hoër vervoerkoste, bustariewe, voedselprys, ens. hê.
**Besighede:**
Besighede sal hoër insetkoste hê om goedere en dienste te produseer en vir sommige besighede kan dit selfs tot sluiting lei.
Verhoogde brandstofpryse kan ook tot laer ekonomiese groei, werkloosheid, armoede en minder toerisme lei.
**(Spesifieke verwysing na Spotprent 2)**
(Aanvaar enige korrekte toepaslike antwoorde)

3.3 3.3.1 Kruispryselastisiteit

3.3.2 Die kruispryselastisiteit van vraag meet die sensitiwiteit in die hoeveelheid wat van een produk gevra is vir 'n verandering in prys van 'n ander produk.
Plaasvervangers is produkte in mededingende vraag, d.i. hulle word verbruik in plaas van mekaar/hulle kan as alternatiewe gebruik word.
*Ceteris paribus* 'n styging in die prys van Produk A sal tot 'n styging in die vraag na Produk B lei.
Komplemente is produkte in gesamentlike vraag, d.i. hulle word saam verbruik/gebruik.
*Ceteris paribus* 'n daling in die prys van Produk A sal tot 'n styging in die vraag na Produk B lei.

3.3.3 Stel besighede in staat om die mark beter te verstaan.
Sake-eienaars kan kruispryselastisiteit gebruik om te ontleed hoeveel inkomste 'n produk genereer met betrekking tot 'n ander een afhangende van die prysvlak.
Firmas kan ook enige produkte identifiseer wat nie 'n plaasvervanger of komplementêre produk het nie, wat groter buigsaamheid van prysbepaling moontlik maak.
Firmas kan die toekomstige vraag na hul produk voorspel in geval wanneer hulle 'n idee het van moontlike toekomstige pryse van plaasvervanger- of komplementêre goedere.

**VRAAG 4 KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES**

4.1 4.1.1 (a) **Ekonomiese groei** is die toename in die produksievermoë van 'n land.

(b) **Ekonomiese ontwikkeling** gaan oor die verbetering van die lewenstandaard van die burgers in 'n land.

4.1.2 Gedurende die tyd wat die land onder inperkings gefunksioneer het in reaksie op Covid-19-arbeidsmaginperkings.
Geen uitvoere en geen produksie nie.
(Enige ander redelike antwoord)

4.1.3 (a) **Hoë arbeidsproduktiwiteit:**
Die regering probeer om arbeidsproduktiwiteit te verhoog en doeltreffendheid in die ekonomie te verhoog.
Pas migrasiebeleide toe om hoogs geskoolde werkers te behou en invloei van minder geskoolde werkers te beperk om produktiwiteit te verhoog.
Bevorder gehalte-onderwys en -opleiding om arbeidsproduktiwiteit te verhoog.
Verminder die mag van vakbonde ten einde groter buigsaamheid in loon- en arbeidspraktyke aan te moedig.
(Aanvaar enige korrekte toepaslike antwoorde) (Maks. 4)


(b) **Verbeterde tegnologie:**
Tegnologiese vordering maak die doeltreffender produksie van meer en beter goedere en dienste moontlik, wat is waarop vooruitgang staatmaak.
Belê in navorsing en tegnologie om ekonomiese groei te verhoog.
(Aanvaar enige korrekte toepaslike antwoorde) (Maks. 4)

4.2 4.2.1 Sy doel is om ekonomiese ontwikkeling en sosiale geregtigheid te bevorder deur te verseker dat die lone van die laagste betaalde werker in die land verbeter word.

4.2.2 Landbousektor, mynbedryf, vervaardigingsbedryf, nutsbedryf, konstruksiebedryf, handelsbedryf, vervoersektor, finansiële sektor, huishoudelike dienste.
(Enige ander redelike antwoord) (Enige 3 × 1)

IEB Copyright © 2023 

4.2.3 **Minimum loon:**
**(Daar word nie van kandidate vereis om die spesifieke loonkoerse op die grafiek te gebruik nie.)**





(5)

4.3 4.3.1 **Gini-koëffisiënt** meet hoe gelyk die inkomste van 'n land onder die bevolking verdeel is.

4.3.2 Hoër Gini-koëffisiënt is nie 'n goeie ding nie.
'n Gini-koëffisiënt naby aan 0 toon 'n redelike gelyke verdeling.
'n Gini-koëffisiënt naby aan 1 toon 'n ongelyke verdeling. Hoogste in Bron 1 is Suid-Afrika met 63,0.

4.3.3 'n Magdom sosiale euwels, insluitend hoë vlakke van onrus, 'n hemelhoë werkloosheidskoers, buitensporige misdaad en 'n bevolking wat armer is. Ongelykheid van geleentheid onder die bevolking.
Gebrek aan 'n behoorlike onderwysstelsel.
(Enige redelike antwoord)

4.3.4 **Lorenz-kromme:**




[Bron: <joshchacko.wordpress.com>]

Punte vir Lorenz-kromme
*2 asse
*SA posisie na die regs van die Lorenz-kromme (stippellyn)
*Lyn van gelykheid
*Lorenz-kromme

4.3.5 Looninkomste is die dominante komponent in algehele inkomste-ongelykheid, die Suid-Afrikaanse regering kan nasionale minimum loon vir persone met 'n lae inkomste verhoog.
Belê in onderwys – maak onderwys 'n aantreklike loopbaankeuse. Produseer hoër gekwalifiseerde gegradueerdes en onwaarskynlik om deur onderwys gelok te word.
Deurlopende professionele ontwikkeling, verhoging in vaardigheidsheffings.
Styging in sosiale besteding, skuif hulpbronne op 'n groter skaal van voorheen bevoorregtes na armes.
Verhoog maatskaplike toelaes sonder om aansporing aan te moedig wat met die toelaes gepaard gaan.
Openbare toerekenbaarheid moet verbeter/bevorder word.
Beter wetstoepassing met betrekking tot misdadigheid wat tot korrupsie gelei het.
Skakel tenderbedrog en korrupsie uit.
(Aanvaar enige korrekte relevant respons) (Enige 4 × 2)

## VRAAG 5 GEMENGDE VRAE

5.1 5.1.1 (a) **Inflasie:**
Is 'n volgehoue toename in die algemene prysvlak van goedere en dienste oor 'n lang tydperk.

(b) **Rentekoerse:**
Sê vir ons hoe hoog die koste van leen is, of hoe hoog die belonings vir spaar is.
Die rentekoers is die bedrag wat jy gevra word vir die leen van geld, getoon as 'n persentasie van die totale bedrag van die lening.

5.1.2 **Ja,** dit is te naby aan die Suid-Afrikaanse Reserwebank se inflasiemikpunt van 3% tot 6%.
**Nee,** die 5,7% is binne die Suid-Afrikaanse Reserwebank se inflasiemikpunt van 3% tot 6%.

5.1.3 **Brandstof:**
Indien brandstofpryse styg, sal dit 'n kettingreaksie vir verbruikers en besighede hê.
Dit sal insetproduksiekoste verhoog wat tot kostedrukinflasie sal lei.
**Voedselpryse:**
Hoër voedselpryse sal ook 'n uitwerking op inflasie hê, aangesien dit verbruikers meer sal kos en dus die waarde van hul geld verminder.
(Aanvaar enige korrekte toepaslike antwoorde)

5.1.4 (a) **TWEE verloorders:**
Diegene op **vaste inkomste,** soos pensionarisse, werkloses en diegene wat op maatskaplike toelaes leef, aangesien hulle geld minder sal kan koop.
**Krediteure (diegene wat geld uitleen)**, omdat die geld wat terugbetaal word minder werd sal wees ten opsigte van reële waarde soos die jare verbygaan as die bedrag wat geleen is.
**Spaargeld,** diegene wat geld in 'n bankrekening hou of wat vaste deposito's het, sal verloor omdat inflasie 'n afname in die reële waarde van spaargeld veroorsaak.
**Negatiewe reële rentekoerse**, diegene wat op hul spaargeld moet leef, sal verloor wanneer rentekoerse laer as die inflasiekoers is.
**Loonverhogings**, diegene wat loonverhogings laer as die inflasiekoers kry. (Enige 2 × 2)

(b) **TWEE wenners:**

**Debiteure (diegene wat geld skuld),** soos mense wat 'n verband op eiendom afbetaal, want die geld wat hulle terugbetaal is in reële terme al hoe minder werd soos die jare verbygaan.

**Positiewe reële rentekoerse**, beleggers wanneer rentekoerse bo die inflasiekoers is.

**Regering**, omdat dit 'n debiteur is wat gereeld die openbare skuld moet afbetaal.

**Regering**, omdat dit baat by die progressiewe inkomstebelastingstelsel, wat verseker dat 'n hoër belastingkoers betaal word wanneer inkomste styg, dit is ook van toepassing op die insameling van BTW, aangesien die 15% op 'n groter bedrag bereken word. (Enige 2 × 2)

5.2 5.2.1 **Samespanning** – is 'n formele of informele ooreenkoms tussen twee of meer firmas om die mark te verdeel, pryse vas te stel of produksie te beperk ten einde 'n onregverdige voordeel in die mark te verkry.

5.2.2 Mededingingskommissie van Suid-Afrika

5.2.3 (a) **Aantal besighede:**

'n Paar groot firmas domineer die mark.

Daar is slegs 'n paar firmas in die Suid-Afrikaanse banksektor en die mark/markaandeel word deur slegs 'n paar oorheers. (Absa, FNB, Standard Bank, Nedbank, Capitec)

(b) **Tipe produk:**

Die produk kan homogeen wees, bekend as 'n suiwer oligopolie, maar dit is meestal heterogeen, ook bekend as 'n gedifferensieerde oligopolie.

'n Bankrekening, as 'n produk, kan as homogeen beskou word, maar die gehalte van diens, toegang tot banke en verskillende bankpakkette maak dit meer geneig om heterogeen te wees.

(c) **Beskikbaarheid van markkennis aan verbruiker en die banke:**

Volledige inligting is nie beskikbaar nie as gevolg van mededinging.

Alhoewel daar baie inligting vir die verskillende banke beskikbaar is, bly dit onvolledig vir verbruikers en die banke.

(d) **Hindernisse om die mark te betree of verlaat:**

Toetrede tot die mark is moontlik, maar word moeiliker indien daar hindernisse tot toetrede bestaan.

Daar is aansienlike hindernisse om 'n bank te begin, bv. banke benodig aansienlike bedrae kapitaal en lisensies om te funksioneer.

IEB Copyright © 2023

5.3 5.3.1 **Finansiële rand** was die geldeenheid wat deur nie-inwoners gebruik is om in Suid-Afrika te belê. Die Finansiële rand is in 1995 afgeskaf.
**Kommersiële rand** – Suid-Afrikaanse burgers/permanente inwoners het kommersiële rande vir gewone lopende transaksies gebruik.

5.3.2 **Vry swewende rand** – die waarde van 'n land se geldeenheid word bepaal deur die kragte van aanbod en vraag. Die waarde van die geldeenheid kan van dag tot dag verander, dit kan appresieer of depresieer.
**Met inflasieteikens** laat die sentrale bank toe dat die geldeenheid se waarde bepaal word deur die kragte van vraag en aanbod, maar dit gryp by die buitelandse valutamarkte in om die proses te bestuur. Sentrale banke raak betrokke deur die rentekoerse te verander om die wisselkoers te beïnvloed.

5.3.3 (a) **Vaste wisselkoersstelsel:**
Die waarde van 'n land se geldeenheid word vasgestel ten opsigte van 'n ander geldeenheid. Die waarde van die geldeenheid kan slegs deur die sentrale bank verander word, en dit gebeur selde.
Vraag en aanbod speel geen rol nie, die geldeenheid kan gedevalueer en herwaardeer word.

(b) **Beheerde swewende wisselkoersstelsel:**
Die wisselkoers kan tussen sekere perke skommel soos deur die sentrale bank vasgestel. Sentrale banke gryp in as die wisselkoers buite die vasgestelde perke beweeg. Hulle koop en verkoop buitelandse valuta om korttermynskommelinge in die wisselkoers uit te stryk.

IEB Copyright © 2023

## AFDELING C

## VRAAG 6 DATARESPONS

6.1 6.1.1 **'n Brandstofheffing** word gevra vir elke liter brandstof wat verkoop word; koolstofbelasting of brandstofheffings word jaarliks aangepas; belastings word gebruik om algemene staatsbestedingsprogramme te befonds.

6.1.2 Indirekte belasting

6.1.3 Persoonlike inkomstebelasting
Maatskappy-/Korporatiewe belasting
Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW)
Doeaneregte
Aksynsregte/Sondebelasting

6.1.4 Om die brandstofheffing te verminder, sal die staat se belastinginkomste vir twee maande met byna R6 miljard verminder.
Noodlenigingsmaatreëls is gevestig, byvoorbeeld die verkoop van strategiese oliereserwes.
Suid-Afrikaanse verbruikers sal verlig wees en minder aan brandstofheffings betaal en meer besteebare inkomste beskikbaar hê.
Besighede hoef nie koste as gevolg van hoër brandstofpryse te verhoog nie, wat produkte goedkoper maak om te produseer.
Kan lei tot die toename in vraag en styging in BTW of ander belastinginkomste vir die regering.
(Aanvaar enige korrekte toepaslike antwoord)

6.2 6.2.1 **Leidende aanwyser:**
Vertel ons waarheen die ekonomie gaan, en verander voordat die ekonomie verander.
**Volgaanwyser:**
Vertel ons waar die ekonomie was, moenie van rigting verander voordat die sakesiklus sy rigting verander het nie.

6.2.2 **Aanwysers:**

| Leidende aanwysers | Sloerende aanwysers |
|---|---|
| Aantal nuwe motors verkoop | Aantal ure in konstruksie gewerk |
| Nuwe maatskappye wat geregistreer is | Aantal handelsvoertuie wat verkoop is |
| Bouplanne goedgekeur | Reële belegging in vervaardiging en toerusting |
| Aandeelpryse/aandelemark-opbrengs | Sementverkope in ton |
| Indeks van sakevertroue | Werkloosheidskoers |
| Produkuitvoere | Verband van voorraad met verkope |

(Enige 3 × 3)

6.2.3 Die leidende aanwyser is positief wat ekonomiese groei aandui.
Die uitwerking van inperking wat verbeter, meer uitvoere.
Nuwe maatskappye wat geregistreer word/bouplanne wat goedgekeur word, is besig om voor te kom.

IEB Copyright © 2023 

6.3 6.3.1 (a) **Bruto vastekapitaalvorming:**
Verwys na die koop van kapitaalgoedere deur 'n firma of die regering.

(b) **Veranderings in voorraad:**
Firmas hou voorraad, of voorraad van grondstowwe en intermediêre goedere, waarvan die waarde van jaar tot jaar verander. 'n Positiewe waarde vir veranderinge in voorraad beteken dat die waarde van voorraad toegeneem het, en omgekeerd.

(c) **Bruto binnelandse besteding:**
Is die uitgawes deur binnelandse sektore (huishoudings, firmas en die regering) op finale uitset (goedere en dienste) wat beide plaaslik en in die buiteland geproduseer word binne 'n gegewe tydperk, wat gewoonlik een jaar is.

(d) **Huidige pryse:**
Ook nominale BBP genoem, wat die effek van inflasie insluit, dus is dit moeilik om te weet of die waarde van produksie toegeneem het as gevolg van meer produkte wat geproduseer is, of bloot omdat hul pryse gestyg het.

6.3.2 Inkomstemetode
Produksie-/Toegevoegde Waarde-/Uitsetmetode

6.3.3 BBB-syfers neem toe van 2020 5 276 537 miljoen tot 2021 5 824 926 miljoen.

6.3.4 $$\frac{\text{Huidige Reële BBP 2021} - \text{Vorige Reële BBP 2020}}{\text{Vorige Reële BBP 2020}} \times \frac{100}{1}$$

$$\frac{5\,824\,926 - 5\,276\,537}{5\,276\,537} \times \frac{100}{1}$$

$$= 10{,}4\%$$

6.4 Positiewe ekonomiese groei
Betalingsbalansewewig/Wisselkoersstabiliteit
Lae werkloosheid of volle indiensneming
Billike inkomsteverdeling
Lae inflasie of prysstabiliteit

**Totaal: 300 punte**

IEB Copyright © 2023